# LEES JOU BYBEL EN BID

LES 5

Ons is nog steeds besig met die onse Vader.  Mens sou dink dit is net ‘n gebed, hoekom spaneer ons so baie tyd daarop?

Dit is omdat gebed ons manier is wat ons met God die Vader gesels en verhouding bou.  As jy iemand leer ken, hoe doen jy dit?  Deur met hulle te gesels.  Gebed is ‘n baie baie baie belangrike deel van ons geestelike lewe.

Vandag behandel ons:
**Mattheus 6:11-12**

gee ons vandag ons daaglikse brood;
en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;



# LEES JOU BYBEL EN BID

LES 5

## Gebeds resep volgens Mattheus 6:9-13

Onse Vader wat in die hemele is,

laat u Naam geheilig word;

laat u koninkryk kom;

laat u wil geskied,

soos in die hemel net so ook op die aarde;

**gee ons vandag ons daaglikse brood;**

**en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;**

en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Amen.

# LEES JOU BYBEL EN BID

LES 5

Daaglikes brood?  Wat beteken dit?  Ons lewe mos nie net van brood nie.  Daaglikse brood is jou goed wat jy benodig elke dag.

Kom ons lees bietjie wat sê die bybel oor vra.

- Mattheus 7:7
- Filipense 4:6
- 1 Johannes 5:14

Is dit nie amazing nie.  Op so baie plekke praat die bybel oor ons moet vra en Hy sal ons verhoor.

Het jy al vir iets gebid wat jy gekry het?




# LEES JOU BYBEL EN BID

LES 5

Ons moet elke dag vir die Here vra vir wat ons nodig het, en ook wat ons graag wil hê.  Hy weet al klaar wat ons nodig het en wil hê maar wil dit uit ons monde hoor.

Hy wil so graag 'n verhouding met ons hê waar ons Hom eerste ken in alles en Hom vra vir wat ons nodig het.

Die amazing ding is Hy hoor ons en antwoord ons dadelik.  Soms hoor ons nie en soms is die antwoord nee.  Hou aan vra en maak seker jy vra in Sy wil.



**en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe**

Hierdie is nogal 'n moeilike een.  Dit is belangrik om te weet dat God ons nie kan vergewe as ons nie ander kan vergewe nie.  Daai een wat lelik met jou was by die skool, jou mamma of pappa wat vir jou nee gesê het vir iets wat jy baie graag wou hê.

Ons moet dadelik vergewe sodat God ons kan vergewe.

Ook is dit belangrik om te vergewe anders sit jy in 'n tronk waar jy die hele tyd dink aan wat daardie persoon gedoen het.  Jy raak elke keer kwaad en raak sommer bitter.  As jy daai persoon se naam hoor wil jy sommer slange vang.

Die persoon vir wie jy nie vergewe nie het heel moontlik nie eers 'n idee van wat in jou binneste aangaan nie.  Hulle het lankal aan beweeg.



Jy vergewe daai persoon sodat jy kan vry wees.

# LEES JOU BYBEL EN BID

LES 5

Lees gou mooi wat se vers 13 van Mattheus 6

**en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe**

Mens kan maklik in jou woede voel, ek gaan jou net soort van vergewe want ek is nog kwaad.  Jy het nie reg gemaak nie so jy verdien nie om vergewe te word nie.

Die skrif se duidelik... soos ons ons skuldenaars vergewe.... Dit laat mens dink ne.

Hoe het ek hulle regtig vergewe.






# LEES JOU BYBEL EN BID

LES 5

Kleur in, knip uit en sit aanmekaar.



# LEES JOU BYBEL EN BID

LES 5

Kleur in, knip uit en sit aanmekaar.



# LEES JOU BYBEL EN BID

LES 5

Kleur in, knip uit en sit aanmekaar.

